

12 November

Kolossense 3:1-2, 16-17

(Teks: 3:16 -17)

Hoor en praat Christus se Woord

'n Sonneblom draai sy gesig na die son. Hy drink die ligstrale in. Hy sit die energie van sy milde gewer om in lewe en kleur.

As gelowige staan jy elke dag in die ligstrale van Christus se heerskappy. Daarom draai jy jou voortdurend na die Bron van jou lewe. Jy drink die oorfloed van sy Woord in. Jy maak sy Woord jou eie.

Die sonneblom sit die ligenergie om in 'n heldergeel kleur. Elkeen wat by hom verbystap, sien sy prag. As gelowige kan jy nie dit waarvan jy vol geword het vir jouself hou nie. Jy vertoon die kleur van die evangelie aan jou medegelowiges: jou man, jou vrou, jou kinders, jou ouers, maats by die skool, kollegas by die werk... en ook aan diegene met 'n valse geloof.

Die Here Jesus beveel ons dat sy Woord ryklik onder ons sal woon. Ons voer sy opdrag uit as ons sy Woord ondersoek in ons binnekamer of in groepsbybelstudie, as ons Sondae in eredienste sy Woord sing of preek, as ons sy Woord in die week met mekaar praat, mekaar met wysheid leer, mekaar vermaan en sy Woord uitleef.

Die oorfloed van sonlig laat die blom in geel uitbars. Hy offer sy prag die hele dag aan die son. En die lewe wat sy kleur sien se oë blink en hulle harte word warm.

O grote Christus, ewige Lig
wat ons bestraal waar ons ook gaan...

(Skrifberyming 50:1).

Sing Psalm 119:7

Dr. V. Combrink (Andeon)